

WAARHEEN LEI UNIVERSITEITSOPLEIDING?

'n Praktiese handleiding vir onderwysers wat voorligting gee; opgestel deur
personeel van die P.U. vir C.H.O. 44

P.U. vir C.H.O.

Potchefstroom

1970

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O.

INLEIDING

Daar word oral baie aandag aan die druipling van eerstejaar- en ander studente gewy om die tergende verlies aan mannekrag die hoof te help bied. Dis egter die ervaring van universiteite en ook van die P.U. vir C.H.O., dat 'n groot deel van die verlies ontstaan as gevolg van foutiewe vakkeuses, verkeerde studierigtings en oningeligtheid sover dit beroepsver-eistes aangaan.

Matrikulante weet dikwels nie wat hulle met hulle potensiaal kan aanvang nie en baie wat daartoe bekwaam is, bereik nooit die universiteit nie. Dis vir die voorligter een van daardie seldsame momente in sy lewe as die leerling daar voor hom sit, gefrusteerd, verward, hopeloos onbeslis, en luister na die moontlikhede wat hom voorgehou word, en dan meteens - om die woorde van 'n voorligter te gebruik - „voor my oë soos 'n blomknop oopvou". Kyk maar na so 'n kind se skoolprestasie; net daar het dit 'n keerpunt bereik en 'n stygende neiging getoon.

Die P.U. vir C.H.O. het hierdie probleme besef en in April 1964 'n kortkursus in Voorligting gereël. 'n Vyftigtal onderwysers uit Transvaal, O.V.S. en Noord-Kaapland het die kursus bygewoon, waar die werk prinsipiëel, teoreties en prakties benader is. Een praktiese benadering is om die voorligters te voorsien van inligting oor beroepsvoorbereiding wat hierdie Universiteit bied, selfs in die basiese wetenskaplike opleiding.

Van geen voorligter op skool kan verwag word om te weet wat elke vak en studierigting eintlik behels nie. Voorligters besit nie altyd diepgaande kennis van wat die meeste vakrigtings behels nie, van wat mens met kwalifikasies daarin kan doen nie en van die soort mens wat studie in daardie rigting moet of kan onderneem nie. Hierdie hersiene brosjure is 'n poging om dié leemte te vul.

Die stof is soos volg gesistematiseer:

Oor elk van vyf fakulteite, nl. Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Opvoedkunde, Ekonomiese Wetenskappe en Regte is daar 'n samevattende gedeelte wat die moontlikhede in breë trekke in die betrokke fakulteite skets.

Die verskillende vakdissiplines wat onder die fakulteite Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe en Ekonomiese Wetenskappe ressorteer, word dan, elk onder die betrokke fakulteit, in breër omvang en besonderhede behandel.

Elke vak word sover moontlik onder die volgende hoofde behandel:

1. Inhoud van die vak in hooftrekke.
2. Voorgraadse opleiding:
 - 2.1 Hoofvakkombinasies.
 - 2.2 Byvakke.
 - 2.3 Skoolopleidingsvereistes.
 - 2.4 Aanleg.
 - 2.5 Beurse.
 - 2.6 Beroepe waarvoor dit opening bied.

3. Nagraadse studie -

hoofsaaklik soos by 2 ingedeel.

Suid-Afrika het sy mense nodig en kan nie bekostig dat hulle in verkeerde beroepe geplaas word nie. Met dië geweldige verantwoordelikheid - om jongmense in die regte rigting die lewe in te stuur - is voorligters in 'n meerdere of mindere mate toevertrou. Die hoop word gekoester dat hierdie hersiene uitgawe van „Waarheen lei Universiteitsopleiding" die voorligter sal help om sy edelê taak te verrig.

INHOUDSOPGAWE

Bl.

ALGEMENE INLIGTING	1
INTERFAKULTÊRE WYSBEGEERTE	6
FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE		
Inleiding	8
Verskillende dissiplines		
Afrikaans-Nederlands	15
Bantoetale	20
Beplanning	23
Biblioteekkunde	27
Bybelkunde	32
Duits	37
English	40
Frans	43
Geografie	46
Geskiedenis	50
Grieks	52
Kultuurkunde	57
Kunsgeskiedenis	60
Latyn	63
Maatskaplike Werk	67
Musiek	71
Naturelleadministrasie	79
Perswetenskap	85
Semitiese Tale	89
Sielkunde	91

	B1.
Sociologie	97
Spraakleer en Drama	101
Staatsleer	108
Verpleegkunde	113
Volkekunde	119
Wysbegeerte	123

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Inleiding	129
------------------	-----

Verskillende dissiplines

Bodemkunde	139
Chemie	144
Dierkunde	150
Farmasie	158
Fisika	162
Fisiologie	169
Geografie	178
Geologie	182
Huishoudkunde	190
Industriële Chemie	200
Mikrobiologie	205
Plantkunde	213
Rekenaarwetenskap	222
Statistiek	225
Toegepaste Wiskunde	231
Wiskunde	236

Inleiding	243
Verskillende kursusse	
Voorgraadse onderwysdiplomas	243
Nagraadse onderwysdiplomas	246
Onderwysgrade	248
Liggaamlike Opvoedkunde	251

FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSAPPE

Inleiding	257
Verskillende dissiplines	
Bedryf- en Personeelsielkunde	264
Bedryfseonomie	267
Ekonomie en Geld- en Bankwese	273
Kosteberekening	278
Rekeningkunde	283

FAKULTEIT REGTE	287
------------------------	-----